higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 4

(7601034)

15 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Nageboortelike depressie staan ook as … bekend.

A postdruk-depressie
B postpaniek-depressie
C postpartum-depressie
D postportale depressie

1.2 Wenke vir die hantering van depressie sluit in …

A om jou aan die lewe te onttrek.
B om moeilike dinge te vermy.
C om 'n vorm van oefening te doen.
D om jou daaglikse roetine te ignoreer.

1.3 Stem is belangrik in 'n demokratiese staat soos Suid-Afrika, want dit …

A help om gratis goedere te bevorder.
B skep 'n welsynstaat.
C skep 'n stabiele eenparty-land.
D bevorder goeie staatsbestuur.

1.4 EEN van die basiese noodhulpvaardighede vir slagoffers van padongelukke is om …

A iemand met 'n nekbesering na 'n veilige plek te skuif.
B aan slagoffers baie water te gee om te drink.
C kontak met iemand anders se bloed te vermy.
D die slagoffer se motorenjin aan te hou.

1.5 Wetgewing op indiensneming help om …

A skikkings van geskille te ondermyn.
B te verhoed dat werknemers by vakbonde aansluit.
C 'n vreedsame werksomgewing te skep.
D 'n platvorm te skep vir werknemers om die bestuur van die maatskappy te beheer.

1.6 Om te ontleed beteken om …

A idees in belangrike feite te verdeel.
B feite te noem en standpunte uit te druk.
C die betekenis van woorde te verklaar.
D dinge te vergelyk om verskille uit te wys.

Kopiereg voorbehou

1.7 Die sleuteleienskap van besinning is om uit die … te leer.

A vordering
B volgeling
C verlede
D voorbeeld

1.8 Die koste daarvan om 'n kind te hê en groot te maak is altyd …

A nêrens heen op pad nie.
B dieselfde.
C besig om te daal.
D besig om te styg.

1.9 Die wet wat kinders in Suid-Afrika beskerm:

A Die Kinderwet, 15 van 2003
B Die Verklaring van Kinderregte (Artikel 400)
C Die Kinderwet, 38 van 2005
D Die Verordening op Kindergeregtigheid van 2019

1.10 Watter EEN van die volgende prente beeld eustres uit?

A



[Bron: https://www.omenkaonline.com/stress-a-slow-killer/]

B



[Bron: https://www.freepik.com]

C



[Bron: http://digitalhealthage.com/relax-apps-and-devices]

D



[Bron: https://www.thoughtco.com/]

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Gee EEN rede vir elke antwoord.

2.1 Kindermishandeling is almal se verantwoordelikheid.

2.2 EEN van die verkeersveiligheidsmaatreëls is om jou veiligheidsgordel slegs tydens lang ritte vas te maak.

2.3 'Bababedruktheid' duur langer as nageboortelike depressie.

2.4 Die KVBA doen bemiddeling oor salarisse en lone.

2.5 Arbiters se beslissings is finaal.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Medisyne wat keer dat 'n virus groei	A	MIV
3.2	Aansteeklike siekte wat veral die longe aanval	B	stigma
3.3	Virus wat die immuunstelsel aanval	C	ARV-middels
3.4	Sterk gevoel van afkeur wat sommige mense in die samelewing oor sekere mense of dinge het	D	diskriminasie
		E	diabetes
3.5	Aanduiding van immuunstelselfunksie en vordering van MIV	F	CD4-telling
3.6	Eerste stap van siekte wat plaasvind wanneer bakterieë of 'n virus die liggaam binnekom en begin vermeerder	G	SOI's
		H	TB
3.7	Onbillike of onregverdige behandeling van verskillende kategorieë mense	I	vigs
		J	infeksie
3.8	Dit bied weerstand teen infeksies en gifstowwe	K	immuunstelsel
3.9	Die mees gevorderde stadium van MIV		
3.10	Veroorsaak nie altyd simptome nie, maar die risiko bestaan om dit aan die volgende persoon oor te dra		

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Suid-Afrikaanse … beskerm burgers teen diskriminasie weens MIV en vigs.

4.2 Wanneer iemand sy/haar lewe wil beëindig, het daardie persoon 'n neiging tot …

4.3 Die plig van die OVK is om seker te maak dat verkiesings … en regverdig is.

4.4 Die gebruik van flits- … is 'n doeltreffende manier om te studeer.

4.5 Wanneer iemand baie hartseer en wanhopig voel oor alledaagse take, is die persoon …

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 Voldoende eksamenvoorbereiding is die sleutel tot sukses.

5.1.1 Noem DRIE maniere om fisiek vir eksamens voor te berei. (3)

5.1.2 Watter TWEE dinge moet studente doen om te studeer met die oog op voorbereiding om 'n eksamen te skryf? (2)

5.2 Eksamenskryf-vaardighede verbeter prestasie.

5.2.1 Gee TWEE redes waarom studente maklike vrae in eksamens eerste moet beantwoord. (2)

5.2.2 Gee DRIE voorbeelde van goeie eksamenskryf-vaardighede. (3)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 45

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

Diane het Vlak 4 en haar ambagstoets voltooi. Sy werk tans vir 'n vooraanstaande motormaatskappy as werktuigkundige.

Haar probleme het twee jaar gelede begin. Haar ouers was verontwaardig en skaam toe Benjamin (Diane) 'n meisie wou word. Hy het vir sy ouers gesê hy is in die verkeerde liggaam vasgevang en dat hy 'n meisie is.

Diane se ouers het nooit haar gay, biseksuele en lesbiërvriende van die kollege aanvaar nie. Ná 'n operasie het Benjamin Diane geword. Haar ouers het na 'n ander provinsie verhuis en wou nie met haar praat nie.

Nadat Benjamin Diane geword het, het ander werknemers haar geboelie en geteister. Een werknemer het vir haar gesê dat haar nuwe seksuele oriëntasie haar daarvan diskwalifiseer om 'n werktuigkundige te wees. Haar bestuurder het vir haar gesê dat werknemers en klante oor haar kla. Vrouewerknemers wou nie die badkamer met haar deel nie.

6.1 Lesbiese, gay, biseksuele, transgender, queer, interseks en aseksuele (LGBTQIA) mense, sowel as mense wat met MIV leef, is onderworpe aan verskeie vorme van stigmatisering en diskriminasie.

6.1.1 Gee TWEE redes waarom Diane en ander LGBTQIA-gemeenskappe gestigmatiseer word. (2)

6.1.2 Gee TWEE maniere waarop LGBTQIA-gemeenskappe met betrekking tot MIV gestigmatiseer word. (2)

6.1.3 Noem TWEE uitwerkings wat stigmatisering op Diane het. (2)

6.1.4 Sommige mense glo steeds verkeerdelik hierdie verkeerde stelling: 'MIV/vigs is 'n LGBTQIA-siekte.'

Verskil met hierdie stelling deur TWEE maniere te noem waarop iemand MIV kan kry. (2)

6.1.5 Beskryf DRIE maniere waarop diskriminasie Diane negatief kan affekteer. (3)

6.2 Diane se ouers het nie hulle pligte nagekom nie.

6.2.1 Identifiseer TWEE maniere waarop Diane se ouers haar mishandel het. (2)

6.2.2 Verduidelik DRIE gevolge van kindermishandeling. (3)

6.2.3 Stel TWEE strategieë voor wat Diane se ouers kon gebruik het om beter ouers te wees. (2)

[18]

VRAAG 7

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.google.co.za*]

7.1 'n Werkgewer en die regering het 'n verantwoordelikheid om werknemers te beskerm.

7.1.1 Beskryf TWEE maniere waarop die werknemer in die spotprent kan verhoed dat die bestuurder sy geloofsoortuigings op haar afdwing. (2)

7.1.2 Noem TWEE wette op indiensneming wat werknemers se regte in Suid-Afrika beskerm. (2)

7.1.3 Wat verstaan jy onder *onbillike arbeidspraktyke*? (2)

7.1.4 Gee TWEE voorbeelde van onbillike arbeidspraktyke in die werkplek. (2)

7.1.5 Watter TWEE veranderinge sal jy voorstel dat die bestuurder in die spotprent maak om onbillike arbeidspraktyke in terme van godsdiensvryheid te hanteer? (2)

7.2 Verduidelik kortliks die reg wat sê: 'Almal het die reg om vryelik hul vakmanskap, beroep en professie te kies.' (2)
[12]

VRAAG 8

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

REDES WAAROM GEGRADUEERDES NIE WERK KRY NIE

Min of geen ondervinding

Baie gegradueerdes maak die fout om aan te neem dat hulle kwalifikasies hulle vir 'n werk sal kwalifiseer. Hulle spandeer hulle kollege-jare deur bloot klaar te kom, partytjie te hou en basies hulle tyd te mors. Hulle het geen ondervinding nie.

Gebrek aan netwerke

Baie mense kry werk deur middel van verwysings. Statistiek toon dat die meeste mense op hierdie manier werk kry. As iemand al lank vir 'n maatskappy werk, dan weet daardie werknemer wat nodig is om sukses te behaal, en as daardie werknemer iemand ken wat dit kan doen, sal die persoon maklik inpas. Die werkgewer sal die werknemer wat die nuwe kandidaat aanbeveel, vertrou, en die nuwe kandidaat sal waarskynlik die werk kry.

Geen voorbereiding in CV en dekbriewe

Jou CV en dekbrief skep die eerste indruk van jou. Jy kan hulle nie met jou teenwoordigheid of jou glimlag bekoor nie. Jou skryfwerk doen dit alles vir jou.

Geen onderhoudvaardighede

So, jy het verby die CV-stadium gekom en nou is jy by die onderhoud. Dink jy dit is kinderspeletjies? Dink weer. Hulle sal moeilike vrae vra.

[Aangepas uit: *brainkim.net/articles/top-10-reasons-why-college-graduate-can-get-job/*]

8.1 Werkgewers wil iemand hê wat waarde by die maatskappy voeg.

8.1.1 Afgesien van die redes wat in die artikel genoem word, gee DRIE ander redes waarom gegradueerdes nie werk kry nie. (3)

8.1.2 Gegradueerdes met kreatiewe vaardighede voeg waarde by 'n maatskappy.

Skryf TWEE sinne om hierdie stelling te staaf. (2)

8.1.3 Watter TWEE veranderinge kan kolleges maak om studente te help om werkondervinding op te doen? (2)

8.2 Werkmarkverwante vaardighede maak die arbeidsmark oop.

8.2.1 Wat verstaan jy onder *werkmarkverwante vaardighede*? (2)

8.2.2 Beskryf kortliks DRIE maniere waarop studente werkmarkverwante lewensvaardighede kan opdoen. (3)

Kopiereg voorbehou

8.3 'n CV, dekbrief en aanlynaansoek wat goed geskryf is, sal jou kanse op indiensneming verbeter.

8.3.1 Gee TWEE redes waarom 'n CV en dekbrief belangrik is wanneer jy vir 'n werk aansoek doen. (2)

8.3.2 Noem DRIE belangrike riglyne vir wanneer jy aanlyn aansoek doen en inligting aanlyn plaas wanneer jy op 'n werksaanbod reageer. (3)

8.4 Dit is belangrik dat kandidate hulleself tydens onderhoude professioneel gedra en vrae korrek beantwoord.

8.4.1 Wat sal jy in 'n onderhoud doen as die volgende gebeur?

a) Jy word nie 'n sitplek aangebied nie.

b) Niemand groet jou nie.

c) 'n Paneellid staar na jou en frons wanneer hy/sy na jou kyk. (3)

8.4.2 Skryf TWEE sinne om hierdie tipiese onderhoudvraag te beantwoord: 'Beskryf die bydrae wat jy tot gemeenskapsontwikkeling gemaak het in die tyd wat jy as TBOO-kollegestudent deurgebring het.' (2)

8.4.3 Noem TWEE dinge wat sal gebeur as kandidate hulleself nie professioneel gedra tydens 'n onderhoud nie. (2)

8.4.4 Beskryf DRIE maniere om selfvertroue te wys tydens 'n werkonderhoud. (3)

8.4.5 'Vertel ons van jou.'

Noem DRIE dinge waarop jy moet fokus wanneer jy hierdie vraag beantwoord. (3)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 9

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.

Lebo is nie tevrede met haar salaris nie. Haar vriendin Portia is ongemaklik by die werk, want haar toesighouer vat op onvanpaste maniere aan haar. Sy weet dat dit seksuele teistering is.

9.1 Waar kan Portia haar bestuurder aankla vir die ignorering van haar bewering van seksuele teistering? (1)

9.2 Noem TWEE ander funksies wat die instelling wat in VRAAG 9.1 genoem is, uitoefen. (2)

9.3 Gee vir Lebo twee stukke raad: Wat kan sy doen oor haar ontevredenheid met haar salaris? (2)

9.4 Noem DRIE metodes wat gebruik word om arbeidsgeskille te skik. (3)

9.5 Stel DRIE streshanteringstrategieë voor wat Lebo en Portia in die werkplek kan gebruik. (3)

9.6 Verduidelik aan Lebo en Portia wat 'n *vakbond* is. (2)

9.7 Gee vir Lebo en Portia VIER redes waarom hulle by 'n vakbond moet aansluit. (4)

9.8 Dit is belangrik dat Portia die kwessies van seksuele teistering hanteer.

Noem DRIE dinge wat kan gebeur as sy die teistering ignoreer. (3)

[20]

VRAAG 10

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Paul het sy onderhoud geslaag. Daar word van hom verwag om aan die begin van volgende maand te begin werk.



[Bron van prent: https://www.legalzoom.com/articles/creating-a-breach-of-contract-notice]

10.1 Dit is belangrik dat Paul sy werkskontrak verstaan.

10.1.1 Gee DRIE redes waarom Paul op 'n werkskontrak moet aandring. (3)

10.1.2 Watter VIER belangrike kategorieë (soorte bepalings) moet by Paul se werkskontrak ingesluit wees? (4)

10.1.3 Verduidelik die eerste DRIE stappe om 'n formele klag te lê. (3)

10.1.4 Beskryf DRIE moontlike uitkomstes of optredes as die KVBA bevind dat 'n werkgewer 'n werknemer onregverdig afgedank het. (3)

10.2 Paul vertel jou dat hy MIV-positief is.

Skryf VYF sinne om te verduidelik hoe jy hom sal ondersteun. (5)

10.3 Beskryf DRIE regte wat Paul as 'n MIV-positiewe werknemer het. (3)

10.4 Verduidelik aan Paul waarom dit belangrik is om ARV-middels te neem. (2)

10.5 Gee TWEE redes waarom Paul slegte stres moet bestuur. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 45
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou